

12 Februarie

Jakobus 2:14-26, (Teks: 2:17)

'n Hond, 'n leeu, en geloof

Daar is maar een manier waarop 'n mens weer deur Jesus Christus in genade aangeneem kan word - deur 'n ware geloof. 'n Ware geloof wat 'n vasstaande kennis is van alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het. Dis verder 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees in my hart werk dat God ook aan my uit loutere genade vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid geskenk het.

Geloof is nie al wat tel nie. 'n Ware kind van God wat deur Jesus Christus verlos is uit die mag van die Satan, dra ook nog ander vrugte van die uitverkiesing, soos die kinderlike vrees en eerbied vir God, die droefheid oor die sonde en die honger en dors na die geregtigheid - die innige begeerte om te hoor: "Jou sondes is vergewe!"

Die Heilige Gees maak dit vir ons duidelik dat geloof méér is as om te sê dat ek in Jesus as die Christus glo: *'n Hond wat lewe, is beter as 'n leeu wat dood is* (Prediker 9:4). *So gaan dit ook met die geloof: As dit nie tot dae oorgaan nie, is dit sonder meer dood* (Jakobus 2:17).

Lyk jou geloof soos 'n maanhaarleeu wat bewondering afdwing, maar 'n opgestopte eksemplaar in 'n museum is? Kragteloos en nutteloos omdat dit nie tot dae oorgaan nie, nie die liefde van Christus aan andere openbaar nie? Dan liever 'n onopvallende geloof wat lyk soos 'n geminagte hond, maar wat lééf!

Sing: Psalm 27:6

Ds. E.J. du T. Lessing (Nelspruit)